



## **GENERALE MISSIVE**

*Nuusbrief van die Stigting VOC 4/18*  
*Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.

**Internet:** <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, 071-622-5792, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** Nedbank, Somerset-Wes. Rek.no. 1145512305. Rek. naam 'Stigting VOC Foundation.'

*Welaen Vrunden!*

### **Nuwe lede**

Ons verwelkom graag as nuwe lede Dr Ockert Malan, mnr Marius Breytenbach en me. Marilyn Dougall Thomas. Ons vertrou dat hulle 'n lang en gelukkige verbintenis met ons Stigting sal hê.

### **Die VOC se veeruilers**

'n Buitepos, in die konteks van die Kaapse maritieme aanvullingsdiens, was 'n bemande, gedesentraliseerde hulpdienspos onder bestuur van die Kaapse Politieke Raad, wat buite die Tafelvallei bedryf is met die doel om skeepsdiens op die VOC se handelsroete te bevorder.

Soos aardolie in 'n moderne ekonomie die energie van 'n vervoerstelsel is, was trekosse die energie van die VOC se landvervoer aan die Kaap, van 1652 af tot 1795. Daarom is buitepos De Schuer in 1673 van 'n graanboerdery in 'n transportdepot omskep en uitgebrei met woonhuise vir die poshouer en posvolk, 'n wamakery en 'n groot kraal vir trekbeeste. Die buitepos was sentraal geleë tussen die Kasteel en die skeepsdiens in Tafelbaai, die Kaapse Vlakte waar brandhout uitgespit is, Simonsbaai wat in 1743 die winterhawe geword het, en ander meer afgeleë buiteposte.

By buitepos De Schuer was daar gemiddeld 20 waens met gemiddeld 70 wadrywers en houtkappers, afgesien van vakmanne soos wamakers, wielmakers en 'n smid. Die Kompanjie se ongeveer 3000 trekosse was verdeel in werksvee wat op die pos aangehou is, en rustende vee.

Daar was geen paaie nie, die roetes was gewoonlik deur diep sand of oor steil berge soos die Gantouwpas, en so ver as die houtbosse van Houteniquasland. Honderde osse is dood gewerk, of het gely onder periodieke droogtes en veesiektes waarvoor daar geen medisyne was nie. Die verlies aan trekosse, ná die stigting van die winterhawe, buitepos Simons Baai in 1743, was tussen agthonderd en duisend per jaar. Rustende vee het op buiteposte soos Groene Cloof en Ganze Craal in die Slagtersveld herstel.

Omdat osse nie aanteel nie was die Kompanjie se enigste bron van trekvee die nomadiese Koina veeherders.

Die Koina se sosiale stelsel (dit is hul aanspraak op weiding en water, persoonlike status, voedsel, kleding, medisyne en die 'andersmaak'-seremonies wat gebruiklik was by

geboorte, puberteit, huwelik en dood) het totaal op veebesit berus. Voortgesette druk op hul veestapel deur die VOC se ruilers, benewens die verlies van weiding, dwangruil deur VOC-amptenare, roof deur vryburgers, veesiektes en droogtes in die eerste helfte van die agtiende eeu, het tot hul verarming en uiteindelijke ontstamming gelei.



Foto: P. Kolbe: *Caput Bonae Spei Hodiernum*.

Die VOC se veeruil met die Koina, 1707–1784<sup>23</sup>

Leier	Bestemming	Vertrek	Terug	Beeste	Ander
J. Hartogh	Sousequa	01.11.1707	22.11.1707	220	242 skape
J. Hartogh	Omliggende Koina	1710	–	363	568 skape
G. Douerstadt	Naaseleek Koina	19.10.1711	31.12.1711	205	–
K. Slotst	Langs Bergrivier	11.1712	–	–	–
D. Fajel	Vierentwintigriviere	11.1714	–	391	–
W. Swak	veehaarl	04.11.1715	12.1715	110	–
J. van Maucik	Klein Namaqua	14.09.1716	30.11.1716	288	–
D. Fajel	Klein Namaqua	23.11.1717	12.01.1718	122	–
J. Rhenius	Gaurus, Hekons	05.09.1718	25.01.1719	524	75 skape
J. Rhenius	Noordelike Koina	25.11.1721	128	–	–
J. Rhenius	Groot Namaqua	28.09.1722	12.12.1722	154	–
J. Rhenius	Groot Namaqua	15.09.1724	–	Totaal	–
J. Rhenius	Overberg	–	08.1725	vrugtelos	–
J. Rhenius	Overberg	15.09.1726	15.10.1726	61	–
J. van Baarsenburg	Omliggende Koina	20.09.1729	08.12.1729	49	150 bokke
R. Abel	Namaqua	05.11.1731	14.01.1732	90	120 bokke
P. Giebelaar	Namaqua	11.09.1739	12.1739	111	–
G. Modeman	Bokkeveld en Roggeveld	1757	–	geen	–
J. Horak	Swellendam	1759	–	336	–
J. Veldman	Swellendam	1763	–	363	2 perde
J. Veldman	Suid-Kaap, Klein Karoo	08.1765	–	165	–
J. Veldman	Suid-Kaap, Klein Karoo	05.1767	–	268	–
J. Veldman	Suid-Kaap, Klein Karoo	08.1767	–	300	–
J. Veldman	Suid-Kaap, Klein Karoo	02.1769	–	258	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	05.1773	–	118	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	08.1773	–	46	–
J. Mentz	Swellendam	11.1774	–	40	–
M. Theunissen	Gourtrivier	24.02.1775	–	220	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	05.1779	–	200	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	02.1780	–	150	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	08.1781	–	50	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	02.1782	–	140	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	08.1782	–	80	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	02.1783	–	300	–
M. Theunissen	Suid-Kaap, Klein Karoo	02.1784	–	40	–

Foto: D. Sleigh: *Die Buiteposte*

Ekspedisies bestaande uit 'n offisier of onder-offisier en twaalf of vyftien soldate is van ruilgoed voorsien, en van die Kasteel na die omliggende inboorlinge gestuur. Die ruilgoed het bestaan uit ou-yster, krale, tabak en arak. Die tabak en arak was sowel opbruikbaar as gewoonte-vormend. Die vroegste ruiltoegte was na stamme in die Boland, maar soos die Koina verarm het, is stamme van die Overberg en Suid-Kaap besoek. Gedurende die 26 regeringsjare van goewerneurs Simon en W.A. van der Stel (1679 - 1705) was daar 45 sulke ruiltoegte.

Van 1707 af tot 1784 was daar 35 ruiltoegte, waarvan ses na die Namaqua was. Van die leiers en onderleiers van laasgenoemde ruiltoegte, soos Slotsboo (1712), Rhenius (1721,1724) Abel, Blass en Zang (1732), Giebeler en Lourens (1739) se name is in die Heerenlogement en by Berghfontein in rotse gegraveer. Slotsboo het in 1712 in sy joernaal geskryf dat hy Simon van der Stel se naam in die Heerenlogement gesien het, met die datum 1686. Dit verklaar waarskynlik die oorsprong van dié grot se naam.

Die besoeke aan die Sandveld en onder-Namakwaland het gewoonlik in die lente plaasgevind wanneer daar weiding en water beskikbaar was. Die ruiltoegte na die Namaqua het in 1739 tot 'n bloedige einde gekom. Die leier, sersant Philip Giebeler, poshouer van De Schuer het by Meerhoffskasteel (wes van Nuwerus) tussen 30 en 40 Namaqua laat doodskiet. Sy naam en die noodlottige datum 1739 staan in die Heerenlogement. Vir agtien jaar lank daarna was daar geen ruiltoegte nie. Daarna is slegs die Koina van die Suid-Kaap en Klein-Karoo besoek.

Die buitepos Rietvallei in Hessequaland, tussen Swellendam en Suurbraak is met veeruil as hoofdoel aangelê. Die Nasionale Monumente Kommissie se gedenkplaat daar het beweer dat daar 'n fort, om die moordende en rowende Boesmans en Hottentotte teen te staan,' was. U sal onthou dat ons Stigting tien, elf jaar gelede met die hulp van die plaaseienaar ons eie gedenkplaat daar opgerig het, om die waarheid insake die veeruilers te vertel.



Foto: H. Scheffler



Foto: H. Scheffler. Gedenkplaat op Rietvallei.

### Bronne:

D. Sleigh: *Die Buiteposte*. (HAUM, Pretoria, 1993.) pp. 63 - 87, 174 - 197.

Ms Dagverhaal van den luitenant Kaje Jesse Slotsbo, 1712. Nationaal Argief, Den Haag.

E.E. Mossop (ed.): *The journals of Brink and Rhenius*, VRS 28, pp.122-153.

### **Ons toer na die Heerenlogement**

Getrou aan ons Stigting se leuse van ‘Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme’ (maar ‘Plesier’ is nie uitgesluit nie) het 26 van ons lede op 14 en 15 Augustus per bus na die Sandveld en Benede-Namakwaland gereis. Ons doel was om die Heerenlogement en Berghfontein te besoek waar die leiers en lede van die VOC se veeruil-ekspedisies driehonderd jaar gelede hul name in die rotse gebeitel het. Terselfertyd wou ons ’n bietjie geldelike steun gee aan drie dorps- en streeksmuseums wat geen befondsing van die provinsie of die staat kry nie.

Ons eerste besoek was aan die mooi Huismuseum op Piketberg, en daarna aan die VOC-seinkanon by die Hoërskool Piketberg. Die kanon is in ’n redelike goeie toestand, maar dit benodig ’n slee en is ongelukkig geskend deur (1) ’n plaat met verkeerde inligting, wat (2) bo-oor die VOC-monogram vasgeskroef is. Dit benodig restourasie en word dalk ons volgende projek, as ons befondsing kan kry.



Foto's: Jean Sleigh.



Ná middagete ( herderspastei en koffie) by die Kardoësie Restaurant op die Piekenierskloof, het ons oor die berg Meerhoffskasteel gepraat en oor Pieter van Meerhoff, ’n pionier-verkenner van die Olifantsrivier en Sandveld, na wie dié berg, sowel as ’n ander naby

Nuwerus genoem is. Hy was met die Koina-vrou Krotoa getroud. Op Clanwilliam het ons die interessante Ou Tronk-museum besoek, en is daarna na die Pakhuispas in die Sederberg om die digter C.L. Leipoldt se graf te sien. Ons gids Wium van Zyl, 'n kenner van Leipoldt se werk en lewe, het onderhoudend oor dié onderwerpe gepraat en ook van Leipoldt se gedigte voorgelees. In die vlak grot by die graf is ook Boesmantekeninge. Wilhelm Verwoerd, 'n afgetrede professor van Geologie het ons daar vertel hoe die Sederberg met sy rare rooi rotsformasies oor miljoene jare gevorm is.

Ons aandete (in 'n gewese Vrymesselaarslosie), met die gebruikelike verwelkoming en heildronk deur Voorsitter Leon Hattingh, is vooraf gegaan deur 'n geïllustreerde praatjie oor die VOC se vervoerstelsel, sy bron van trekosse, ruilekspediëes na die Koina, die ruilgoedere en ruilmetodes - alles met noodlottige gevolge vir die inboorlinge. Die lesing het ons voorberei vir wat ons die volgende dag sou sien.

Na ontbyt is ons voort na die plaas Klipfontein van Ehrardt en Ronel de Jongh, wat ons met outydse boere-gasvryheid verwelkom het. Ehrardt het aangebied om ons met sy veldvoertuig na die fontein te neem waar Olof Bergh (1682), K.J. Slotsbo (1712) en J.T. Rhenius (1724) hul name in die rots gebeitel het. Ronel het die historiese maar langverlore eggo-kranse opgespoor waar Simon van der Stel in 1686 sy trompetter laat blaas het om die 'menigte van weerklanken' te hoor, en ons is weer met Ehrardt se voertuig daarheen, hoewel sommige verkies het om te stap vir die oefening, die vars berglug en die veldblomme. By die krans het ons gesamentlik en afsonderlik geskreeu en gefluit, en geniet om te hoor hoe die berg met ons praat. By hul huis was hulle so vriendelik om ons tee en koffie aan te bied.



**Foto's: Jean Sleigh**

Weerskante van die pad na die Heerenlogement was die veld vol wit en goudkleurige lentebloem. Die merkwaardige grot sit hoog teen 'n heuwel. Die vertikale rotsmuur is met amper 200 name en datums van veeruilers, sendelinge, smouse en ander reisigers gebeitel, bekrap en beverf. Die oudste is van luitenant Slotsbo uit 1712, maar in sy dagjoernaal, in die Nasionaal Archief, Den Haag, skryf Slotsbo dat hy Simon van der Stel se naam en die datum 1685 in die grot gesien het. Dit is nie meer daar nie. Ons het op die veeruilers gekonsentreer en die redes vir hul teenwoordigheid so ver van die Kaapse diensstasie af. Wilhelm Verwoerd het vertel hoe verowering deur branderaksie weens die hoë seevlak duisende jare gelede dié grot gevorm het.



Foto's: Jean Sleigh.

Middagete (geroosterde snoek en aartappelskyfies) was by Isabella's in die Lambertsbaaise hawe. Ons laaste besoekpunt was die Sandveld Museum - daar is onder andere boerderygereedskap uit voor-industriële tye, dele van die Engelse oorlogskip *HMS Sybille* waarmee Smuts en Maritz se kommando's in die Anglo-Boereoorlog slaags was, en 'n groot versameling bergskilpaaie. Op ons terugrit kuslangs, verby Verlorenvallei en Elandsbaai was die veld aan weerskante van die pad dig besaai met veldblommie. Ons was kort na sonder tuis. Erika Barnard van ZASNEV was so vriendelik om toestemming te gee dat ons motors twee dae lank veilig op die terrein mag parkeer, sodat ons in die verband totaal gerus kon wees. Wium van Zyl en Rudolf Rode se noukeurige reëlins vir die toer het gesorg dat dit 'n algehele sukses was.

### Grote Atlas te verkoop?

As iemand 'n eksemplaar in goeie toestand te verkoop het van B. Brommer (red.): *Grote Atlas van de VOC, deel V (Afrika)*. Utrecht, 2009, skakel asseblief vir Roy Fuller-Gee. Sy foonnommer is 071-671-9552; e-pos: [greencoast1@bca.org.za](mailto:greencoast1@bca.org.za). Ons het verlede jaar 'n eksemplaar vir R8000 verkoop.

### Skakeling met die Chainouqua

Ons Stigting het al verskeie kere vergader met die stamraad van die Chainouqua wat op Caledon gesetel is. Nog 'n vergadering is gereël, vir Oktober 2018. Ons volgende *Generale Missive* sal inligting daaroor bevat.

### Nog iets oor Texel:

Hier is nog 'n paar stukkies inligting oor die eiland Texel, wat so 'n belangrike rol in die VOC se diens gespeel het (onthou die 'weesenputten' én die VOC-reede by Oudeschild). Dit is afkomstig van Charley Arps van ons sustersvereniging De Haagsche Besoygne, wat dit van sy vriend Erno Oele ontvang het.



*"Op de paleogeografiese kaartjies is te sien dat in 1629-1630 die Zanddijk van Oud-Texel naas die Friesche eiland Eijerland was aangelegd. Het besluit daartoe was genomen door die Staten van Holland en Friesland, naas aanleiding van die vele dijkdoorbraken aan Texels oostkust nabij Oosterend. Die oorzaak was daarin gelegen dat het kweldergebied tussen Noordsee en Waddensee aan die seezijde slechts werd beschermd door lage duinen en die ondiepte naas die eiland Eijerland. Zodoende hadden die talrijke noordwesterstormen uit die tyd vrye spel over open water tot aan Texels Oostkust en konden zij grote schade, ook op die rede, aanrighen. Bekend is die trieste verlies van Roemer Visser's koopvaardijvloot van 40 vol beladen schepen in 1592. Roemer Visser noemde zij op dat ogenblik geborene dochter naas die ramp dan ook, Maria Tesselschade.\**

*Die 10 meter hoge Zanddijk zou naas verwachting luwte brengen over die water in die schorregebied tot aan Texel's oostkust. Dat men die Stuidijk, met behulp van skerme as zandvang, kon laten groeien tot die omvang, is er bewijs van dat die speelde in tyden van meer hogere storm windfrequenties.'*

\* [Sowel Roemer Visscher as sy dogters Anna en Maria was bekende Nederlandse digters uit die 'Goue Eeu' en lede van die sogenaamde Muiderkring van intellektuele / kunstenaars wat in die Muiderslot vergader die. Hul name was gewilde straatname in Nederland en selfs in Indonesië. DS]

### **Vernuwe ons bestuurskomitee**

Die is hoogs nodig dat ons Stigting se bestuurskomitee vernuwe en verjong word sodat ons Stigting nie oor 'n jaar of twee tot niet gaan nie, maar vir nog lank die belangrike en al meer nodige take kan uitvoer van Opvoeding, Bewaring en Kultuurtoerisme ten opsigte van VOC-sake en die pionierstyd van dié land se koloniale geskiedenis. Geen ander organisasie verrig dié funksie nie, en regeringsinstansies is of onbeholpe of stel geen belang nie. Wat word benodig? Ondernemingsgees, Entoesiasme, Toewyding.

### **Lesing: Die Voorvaders en die Buiteposte**

Teken die asseblief aan: Om 10:30 op Saterdag 13 Oktober 2018 word bostaande lesing by SASNEV aangebied. Op 23 van die VOC se 57 Kaapse buiteposte het 44 stamvaders van bekende Afrikaanse families gewoon en gewerk. Daar het hulle geleer om van die land en die klimaat te hou, geleer om te boer en besluit om vryburgers te word en hier wortel te skiet. Wie was daardie voorvaders, waar was die buiteposte en wat het hulle daar gedoen? Geïllustreer met foto's en met planne, tekeninge en kaarte uit die VOC se ryke nalatenskap. Gratis parkering. Koffie en tee vir eie rekening.

*Behouwe vaert / Selamat jalan,*

D. Sleigh (Dr): Redakteur

Jean Sleigh: Tegnies

2 Oktober 2018